PARLIAMENT

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

# WETSONTWERP OP HUWELIKE [B 43 – 2023]

## OPROEP OM OPENBARE VOORLEGGINGS EN KOMMENTAAR

Die Portefeuljekomitee oor Binnelandse Sake nooi belanghebbendes, belangstellende persone en -partye uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die **Wetsontwerp op Huwelike [B 43 – 2023]** wat op 13 Desember 2023 in die Parlement ter tafel gelê is.

**Die doel van die wetsontwerp is:**

om voorsiening te maak vir die erkenning van huwelike; om voorsiening te maak vir vereistes verbonde aan monogame en poligame huwelike; om voorsiening te maak vir die aanwysing van huweliksbeamptes; om voorsiening te maak vir die voltrekking en registrasie van huwelike; om voorsiening te maak vir gevolge met betrekking tot eiendomsverdeling en die ontbinding van huwelike; om voorsiening te maak vir oortredings en strawwe en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die sperdatum vir die indiening van voorleggings is om **16:00 op 17 Mei 2024**. 'n Afskrif van die wetsontwerp kan by die volgende skakel gevind word:

**https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Bills/2023/B43_2023_Marriage_Bill/b43-2023-marriage-bill.pdf**

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretaris, mnr Eddy Mathonsi, by die volgende e-posadres: **MarriageBill@parliament.gov.za** Vir duidelikheid oor enigiets, skakel asseblief met mnr Mathonsi by 083 709 8523.

**Uitgereik deur agb M S Chabane, LP, Voorsitter: Portefeuljekomitee oor Binnelandse Sake**

**Die Parlement – ons volg ons verpligtinge teenoor die mense op – ons verbeter u toekoms**

www.ayandambanga.co.za

150222 BURGER - AFR